Verwysing: 20200908-7909
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0012/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Skoolgebaseerde Assessering (SGA)-vereistes vir Tegniese Wetenskappe: Graad 10–12 en Fisiese Wetenskappe: Graad 10 (2020)

1. Op 15 Julie 2020 het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) Omsendbrief E11, met wysigings aan die SGA-vereistes vir Tegniese Wetenskappe en Fisiese Wetenskappe, vrygestel.

2. Op 01 September 2020 het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) DBO-omsendbrief E14 van 13 Augustus 2020, met wysigings aan die SGA-vereistes vir Tegniese Wetenskappe: Graad 10–12 en Fisiese Wetenskappe: Graad 10 ontvang.

3. Die doel van hierdie minuut is om skole in kennis te stel van die **bladsye** wat in die DBO se **Bylae A vervang** is: ***Amendments to SBA requirements for Grades 10–12 (2020) for Technical Sciences and Physical Sciences***.

4. Die volgende bladsye in die ***DBE FET Annexure A: Amendments to SBA requirements for Grades 10–12 (2020)*** moet vervang word:

Graad	Vak	Bladsye vervang
Graad 10 – 12	Tegniese Wetenskappe (Vak Nr. 28)	Bladsye 116 – 118
Graad 10	Fisiese Wetenskappe (Vak Nr. 25)	Bladsy 107

5. Die bladsye wat by **Tegniese Wetenskappe (Graad 10–12) en Fisiese Wetenskappe (Graad 10)**, vervang is, is as **Bylae A** en **Bylae B**, aangeheg.

6. Prinsipale en amptenare van onderwysdistrikte word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-09-17